# Hulde aan die Koning Jesus Christus. Woens 9 Des 2020

## Vir ons is 'n Seun gebore

## Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.

**Jes 9:5,6** **(NAV)**

5) "Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.

6) Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg."

**Kersdag is oor 14 dae.**

Ons vier Jesus Christus se geboorte oor 14 dae – Kersfees! Hier in die Ou Testament lees ons van 'n geboorte en wie twyfel of hier, van Jesus Christus gepraat word?
MAAR...
Wat beteken die vier benaminge...Wonderbare Raadsman; Mgtige God; Ewige Vader; Vredevors

Om 'n Bybelstuk te verstaan moet ons altyd

- die omstandighede,
- die tyd waarin die boek geskryf is,
- die kultuurhistoriese agtergrond verstaan.

Ons moet weet aan wie die boek spesifiek geskryf is en onder en in watter omstandighede.
Die boek Jesaja en spesifiek hierdie hoofstukke handel oor die totale ondergang van die die Tien Stammeryk, die Noordelike Stamme, d.i. Israel.

Teen die agtergrond van die volk se politieke en geestelike nood, sien die profeet ...

- **die lig van redding**,
- en bring hy dit in verband met die geboorte van 'n Seun en die onverdeelde trou van die Here.

**Jesaja 7-12** word soms... **"Die boek van Immanuel – God met ons, genoem."** ***(*****Jes 7:14)**
*(Verklarende Bybel. 1989:749)*

Alhoewel die volk se ondergang geprofeteer word, lees ons ook drie maal van die beloftes van 'n Messias.

**Jes 7:14** "Die Here sal daarom self vir julle 'n teken gee: 'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel – *God is by ons* – noem."

**Jes 9:5** "Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors."

**Jes 11:1,2** "'n Takkie sal uitspruit uit die stomp van Isai, *(Dawid en Jesus Christus)* 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra. 2) Die Gees van die Here sal op hom rus: die Gees wat wysheid en insig gee, die Gees wat raad en sterkte gee, die Gees wat kennis verleen die Gees wat kennis verleen en eerbied vir die Here."

**Die Messiaskoning sal oor Israel heers.**

By sy troonsbestyging kry Hy wonderlike name:

- **Wonderbare Raadsman**
  Ons lees ook in Jes 28:29 dat kennis wat van God kom is **wonderbaar**.
  Hy sal geen raad van ander nodig hê nie, want God is sy raadgewer;
  Hy sal self raad gee, raad wat alle menslike begrip te bowe gaan.
  Hy is self God, wat volgens ons Belydenis NGB art 1 **Volkome wys is.**
  **Hy sal volkome Regverdig wees.**
  In Jes 11:2 word verder geopenbaar hoe wonderbaar en wys Hy sal wees en watter soort raad Hy het. **Jes 11:2** "Die Gees van die Here sal op hom rus:
  die Gees wat wysheid en insig gee,
  die Gees wat raad en sterkte gee,
  die Gees wat kennis verleen en eerbied vir die Here."
- **Magtige God**
  Die Messiaskoning is self God se direkte verteenwoordiger op aarde;
  Hy is in staat om die mens teen elke moontlike bedreiging te beskerm.
  Hy is self ook waarlik God.
  God self word ook die **"die magtige God"** genoem in Jes 10:21
  Ons bely van Jesus Christus se Godheid in die **NGB art 10:**
  "Hy is dus die ware, ewige God, die Almagtige, wat ons aanroep, aanbid en dien."

- **Ewige Vader - (if ar *ewige Vader*)**
  **Hierdie is 'n koninklike titel** – soos dit 'n koning betaam is Hy vir sy onderdane 'n vader wat voortdurend vir hulle sorg.
  Juis in die tyd van Jesaja was 'n koning soos 'n vader vir sy onderdane.
  Ons lees in **Jes 22:21b** dat daar juis van 'n koning die volgende gesê word: "...Hy sal vir die mense van Jerusalem en vir die inwoners van Juda 'n vader wees."

  In die konteks is Jesus Christus dan ook ons Ewige Vader, nie dat Hy God die Vader se plek kan inneem nie, maar uit die konteks leer ook duidelik aan ons dat Jesus Christus as ons Koning se vaderskap vir ewig sal wees.

- **Vredevors**
  Dit was, elke goeie koning, se plig om vrede, voorspoed en welvaart vir sy volk, in sy ryk te handhaaf. Onder sy heerskappy sal daar harmonie wees sodat elke mens God ongehinderd kan dien. Jesus Christus is die Vors van die vrede. *(Bybel in Praktyk. 1993:979)*
  Jesus Christus berei vir ons 'n plek voor.

**Ten Slotte**

**Wat beteken die vier benaminge:** Wonderbare Raadsman; Magtige God; Ewige Vader; Vredevors

Dit beteken dat die geboorte van ons Here Jesus Christus nie maar 'n fees van liggies en presente is nie.
Dit is 'n fees van ons Here Jesus Christus se geboorte.
Jesus Christus wat elke dag by ons is en raad gee deur sy Woord en Gees.
Jesus Christus wat self God is.
Jesus Christus wat ons Vader is, wat by ons is en wat vir ons intree by ons Hemelse Vader.
Jesus Christus wat vir ons volkome vrede bring, al is daar hartseer, lyding, dood, nood, of wat ookal, by Hom het ons vir Ewig Vrede.

**Amen** (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)